BUITENGEWONE

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

# OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — PUBLISHED BY AUTHORITY

10c Vrydag 15 September 1978 WINDHOEK Friday 15 September 1978 No. 3822

INHOUD:

*Bladsy*

**PROKLAMASIE:**

No. AG. 61 Proklamasie op die Eerste Nasionale Ontwikkelingskorporasie van Suidwes-Afrika, 1978 1

CONTENTS:

*Page*

**PROCLAMATION:**

No. AG. 61 First National Development Corporation of South West Africa Proclamation, 1978 1

## PROKLAMASIE

van die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

*(Deur die Waarnemende Staatspresident goedgekeur op 7 September 1978)*

No. AG. 61 1978

INSTELLING VAN EERSTE NASIONALE ONTWIKKELINGSKORPORASIE VAN SUIDWES-AFRIKA, BEPERK

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN
Administrateur-generaal Windhoek, 13 September 1978

BYLAE

*Woordomskrywings*

1. In hierdie Proklamasie, tensy uit die samehang anders blyk, beteken —

(i) "gebied" die gebied Suidwes-Afrika; (iii)

(ii) "hierdie Proklamasie" ook die regulasies daarkragtens uitgevaardig; (iv)

## PROCLAMATION

by the
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

*(Approved by the Acting State President on 7 September 1978)*

No. AG. 61 1978

ESTABLISHMENT OF FIRST NATIONAL DEVELOPMENT CORPORATION OF SOUTH WEST AFRICA, LIMITED

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN
Administrator-General Windhoek, 13 September 1978

SCHEDULE

*Definitions*

1. In this Proclamation, unless the context indicates otherwise —

(i) "board" means the board of directors referred to in section 7; (iv)

(ii) "Corporation" means the First National Development Corporation of South West Africa, Limited, established by section 2; (iii)

(iii) "Korporasie" die Eerste Nasionale Ontwikkelingskorporasie van Suidwes-Afrika, Beperk, ingestel deur artikel 2; (ii)

(iv) "raad" die raad van direkteure bedoel in artikel 7. (i)

*Instelling van Eerste Nasionale Ontwikkelingskorporasie van Suidwes-Afrika, Beperk*

2. (1) Daar word hierby 'n regspersoon met die naam Eerste Nasionale Ontwikkelingskorporasie van Suidwes-Afrika, Beperk, ingestel.

(2) Die Registrateur van Maatskappye teken die naam van die Korporasie in sy registers aan.

(3) Die hoofkantoor van die Korporasie is geleë op die plek wat die Administrateur-generaal bepaal en wat by kennisgewing in die *Offisiële Koerant* bekendgemaak word.

*Oogmerke van Korporasie*

3. Die oogmerke van die Korporasie is die bevordering van die handel, nywerheid en landbou in die gebied.

*Bevoegdhede van Korporasie*

4. Ten einde sy oogmerke te bereik, het die Korporasie die bevoegdheid —

(a) om met die goedkeuring van die Administrateur-generaal, verleen in elke bepaalde geval, ondernemings van enige aard op te rig of te verkry en voort te sit of daaraan deel te neem, of om sodanige ondernemings te beplan, te koördineer, te finansier, te bevorder, te verkoop of andersins te vervreem;

(b) om die oorplasing van 'n onderneming wat buite die gebied geleë is, na die gebied te bewerkstellig;

(c) om die ontwikkeling van natuurlike hulpbronne te finansier of daaraan deel te neem;

(d) om maatskappye of koöperatiewe verenigings of vennootskappe of ander verenigings van persone, met of sonder regspersoonlikheid, te stig of 'n belang daarin te verkry of dit te finansier of daaraan deel te neem;

(e) om, ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet, die bates, laste, regte en verpligtinge in die gebied te verkry of oor te neem van die Kleurling-ontwikkelingskorporasie, Beperk, ingestel deur artikel 2 van die Wet op die Kleurlingontwikkelingskorporasie, Beperk, ingestel deur artikel 2 van die Wet op die Kleurling-ontwikkelingskorporasie, 1962 (Wet 4 van

(iii) "territory" means the territory of South West Africa; (i)

(iv) "this Proclamation" includes the regulations made thereunder. (ii)

*Establishment of First National Development Corporation of South West Africa, Limited*

2. (1) There is hereby established a corporate body to be known as the First National Development Corporation of South West Africa, Limited.

(2) The Registrar of Companies shall enter the name of the Corporation in his registers.

(3) The head office of the Corporation shall be situated at the place determined by the Administrator-General and which shall be made known by notice in the *Official Gazette.*

*Objects of Corporation*

3. The objects of the Corporation shall be the promotion of trade, industry and agriculture in the territory.

*Powers of Corporation*

4. For the purposes of achieving its objects, the Corporation shall have power —

(a) to establish or acquire and carry on or participate in undertakings of any nature, with the approval of the Administrator-General, granted in every particular case, or to plan, co-ordinate, finance, promote, sell or otherwise alienate such undertakings;

(b) to effect the transfer to the territory of an undertaking situated outside the territory;

(c) to finance or participate in the development of natural resources;

(d) to establish, or acquire an interest in, or finance companies, co-operative societies or partnerships or other associations of persons, whether corporate or unincorporate, or to participate therein;

(e) notwithstanding anything to the contrary contained in any other law, to acquire or take over the assets, liabilities, rights and obligations in the territory of the Coloured Development Corporation, Limited, established by section 2 of the Coloured Development Corporation Act, 1962 (Act 4 of 1962), the Corporation for Economic Development, Limited, referred to in section 2 of

1962), die Ekonomiese Ontwikkelingskorporasie, Beperk, bedoel in artikel 2 van die Wet op die Bevordering van die Ekonomiese Ontwikkeling van Bantoetuislande, 1968 (Wet 46 van 1968), en die Mynboukorporasie, Beperk, ingestel kragtens artikel 5 van laasgenoemde Wet;

(f) om, ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet, die bates, laste, regte en verpligtinge van 'n ontwikkelingskorporasie of ander korporasie ingestel in die gebied kragtens artikel 5 van genoemde Wet op die Bevordering van Ekonomiese Ontwikkeling van Bantoetuislande, 1968, of the Rehoboth-beleggings- en -ontwikkelingskorporasie, Beperk, ingestel deur artikel 2 van die Wet op die Rehoboth-beleggings- en -ontwikkelingskorporasie, 1969 (Wet 84 van 1969), te verkry of oor te neem;

(g) om geld uit te leen en om op die voorwaardes wat die Administrateur-generaal bepaal, geld op te neem of te leen;

(h) om die uitgifte van enige lening of van enige aandele, effekte of skuldbriewe te beheer, uit te voer, te waarborg, te onderskryf, te finansier of te bewerkstellig of om geld vir dié doel voor te skiet;

(i) om kapitaal of ander middele te voorsien en om tegniese en ander hulp en deskundige en gespesialiseerde advies, inligting en voorligting te verskaf;

(j) om sy fondse of geld aan te wend vir die instelling van 'n reserwefonds, of enige fondse of geld wat nie onmiddellik vir sy sake nodig is nie, te belê op enige wyse deur die Administrateur-generaal goedgekeur;

(k) om skuldbriewe, wissels en ander verhandelbare stukke uit te reik, te verhandel, te aksepteer, te endosseer of te verdiskonteer;

(l) om roerende of onroerende goed, met inbegrip van regte daarin of daaroor, te verkry, te verkoop, te beswaar of andersins te vervreem;

(m) om die kontrakte en verpligtinge van enige persoon te waarborg of vir die behoorlike nakoming daarvan borg te staan, of borgaktes of aktes van sekerheidstelling aan te gaan;

(n) om skenkings aan te neem en geld wat hom aangebied word of hom toekom, in ontvangs te neem en, met die goedkeuring van die Administrateur-generaal, skenkings te maak;

(o) om bankrekenings, met inbegrip van spaarrekenings by 'n bouvereniging, soos omskryf in artikel 1 van die Bouverenigingswet, 1965 (Wet 24 van 1965), en die Posspaarbank bedoel in artikel 52

the Promotion of the Economic Development of Bantu Homelands Act, 1968 (Act 46 of 1968), and the Mining Corporation, Limited, established under section 5 of the last-mentioned Act;

(f) notwithstanding anything to the contrary contained in any other law, to acquire or take over the assets, liabilities, rights and obligations of any development corporation or any other corporation established in the territory under section 5 of the said Promotion of the Economic Development of Bantu Homelands Act, 1968, or the Rehoboth Investment and Development Corporation, Limited, established by section 2 of the Rehoboth Investment and Development Corporation Act, 1969 (Act 84 of 1969);

(g) to lend money and, on such conditions as the Administrator-General may determine, to raise or borrow money;

(h) to control, carry out, guarantee, underwrite, finance or bring about the issue of any loan or of any shares, stock or debentures, or to advance money for that purpose;

(i) to provide capital or other means, and to furnish technical and other assistance and expert and specialized advice, information and guidance;

(j) to apply its funds or moneys to the establishment of a reserve fund, or to invest any funds or moneys not immediately required for its affairs in any manner approved by the Administrator-General;

(k) to issue, negotiate, accept, endorse or discount debentures, bills of exchange and other negotiable instruments;

(l) to acquire, sell, mortgage or otherwise alienate any movable or immovable property, including rights therein or thereto;

(m) to guarantee the contracts and obligations of any person or to become surety for the due fulfilment thereof, or to enter into surety bonds or deeds of security;

(n) to accept donations and to receive moneys offered or due to it and, with the approval of the Administrator-General, to make donations;

(o) to open banking accounts, including savings accounts with a building society, as defined in section 1 of the Building Societies Act, 1965 (Act 24 of 1965), and the Post Office Savings Bank

van die Poswet, 1958 (Wet 44 van 1958), te open;

(p) om alle uitgawes aangegaan in verband met sy instelling en administrasie te betaal;

(q) om enige maatskappy of ander regspersoon waarin hy 'n aandeel of belang het, te laat likwideer of onder geregtelike bestuur te laat plaas of om die boedel van enige van sy skuldenare te laat sekwestreer;

(r) om as makelaar op te tree;

(s) om as direkteur, bestuurder, trustee, kurator, eksekuteur, administrateur, geregtelike bestuurder, likwidateur of agent van enige saak, boedel, trust, maatskappy, regspersoon of ander persoon op te tree of om 'n persoon of persone aan te wys om vir sodanige doel namens hom op te tree;

(t) om deposito's wat deur enige persoon vir belegging aangebied word, te neem en sodanige deposito's te hou op die voorwaardes waaroor ooreengekom word, en om die belegging en aanwending daarvan te reël en te bepaal;

(u) om amptenare en werknemers in diens te neem en hulle te besoldig, te huisves, te ontslaan, te skors, op te lei of te laat oplei, en hulle skadeloos te stel ten opsigte van enige leed, skade of verlies deur hulle in die loop van die verrigting van hul pligte opgedoen, en om vir sodanige amptenare en werknemers pensioen- en siektevoordele en behuisingsgeriewe of -voordele te voorsien of dit aan hulle te verskaf;

(v) om met die voorafverkreë goedkeuring van die Administrateur-generaal enige van sy bevoegdhede buite die gebied uit te oefen en om registrasie in 'n ander land of gebied te verkry;

(w) om enige ander bevoegdheid wat na die oordeel van die Administrateur-generaal noodsaaklik is vir die bereiking van sy oogmerke en wat die Administrateur-generaal by proklamasie in die *Offisiële Koerant* aan hom verleen, uit te oefen,

en kan, in die algemeen, enigiets doen wat nodig of bevorderlik is vir die bereiking van sy oogmerke en die uitoefening van sy bevoegdhede, hetsy dit betrekking het op 'n aangeleentheid wat uitdruklik in hierdie artikel vermeld word, al dan nie.

*Oordrag aan die Korporasie van bates, laste, regte en verpligtinge van sekere bestaande korporasies*

5. Ondanks andersluidende bepalings van die een of ander wet —

referred to in section 52 of the Post Office Act, 1958 (Act 44 of 1958);

(p) to pay all expenses in connection with its establishment and administration;

(q) to cause any company or other juristic person in which it has any share or interest, to be liquidated or placed under judicial management or to cause the estate of any of its debtors to be sequestrated;

(r) to act as broker;

(s) to act as director, manager, trustee, curator, executor, administrator, judicial manager, liquidator or agent of any business, estate, trust, company, juristic or other person or to designate any person or persons to act for such purpose on its behalf;

(t) to take deposits offered by any person for investment and to hold such deposits on such conditions as may be agreed upon, and to arrange and to determine the investment and application thereof;

(u) to employ officers and employees and to remunerate, house, discharge, suspend or train them or cause them to be trained, and indemnify them in respect of any harm, damage or loss suffered by them in the course of the performance of their duties, and to provide or give pension and sick benefits and housing facilities or benefits for or to such officers and employees;

(v) with the prior approval of the Administrator-General, to exercise any of its powers outside the territory and to acquire registration in any other country or territory;

(w) to exercise any other power which in the opinion of the Administrator-General is necessary for the achievement of its objects and which the Administrator-General may confer upon it by proclamation in the *Official Gazette*,

and may, generally, do anything that is necessary or conducive to the achievement of its objects and the exercise of its powers, whether or not it relates to any matter expressly mentioned in this section.

*Transfer to the Corporation of assets, liabilities, rights and obligations of certain existing corporations*

5. Notwithstanding anything to the contrary contained in any other law —

(a) kan 'n korporasie in artikel 4(e) of (f) bedoel, met die goedkeuring van sy aandeelhouer of aandeelhouers, sy bates, laste, regte en verpligtinge in die gebied of ten opsigte van sy sake in die gebied, aan die Korporasie oordra op die bedinge en voorwaardes waarop ooreengekom word;

(b) is 'n korporasie wat 'n las of verpligting aldus oorgedra het, onthef van daardie las of verpligting al het die betrokke krediteur nie tot die oordrag toegestem nie, en word daardie las of verpligting by die oordrag daarvan aan die Korporasie 'n las of verpligting van die Korporasie in alle opsigte asof die Korporasie dit self opgeloop het;

(c) moet die Korporasie goed wat aldus aan hom oorgedra is, aanwend ooreenkomstig die bedinge en voorwaardes waarop dit oorgedra is of, indien die korporasie wat dit oorgedra het ingevolge 'n wet gelikwideer word of van sy bevoegdhede in of ten opsigte van die gebied ontneem word, ooreenkomstig die bepalings van daardie Wet.

*Waarborge deur Administrateur-generaal*

6. Die Administrateur-generaal kan, ten einde die Korporasie in staat te stel om sy oogmerke te bereik, vir die tydperk en op die voorwaardes wat hy bepaal, betaling van die rente op en van die hoofsom van 'n bedrag wat deur die Korporasie geleen of opgeneem is of geleen of opgeneem staan te word, en van die koste daaraan verbonde, waarborg.

*Raad van direkteure*

7. (1) Die sake van die Korporasie word bestuur en beheer deur 'n raad van direkteure wat met inagneming van die bepalings van hierdie Proklamasie die bevoegdhede en die pligte van die Korporasie uitoefen of verrig.

(2) Die raad bestaan uit die aantal direkteure, synde minstens tien en hoogstens vyftien, wat die Administrateur-generaal van tyd tot tyd bepaal.

(3) Die Administrateur-generaal stel die direkteure aan en wys 'n direkteur as voorsitter van die raad aan.

*Plaasvervangende direkteure*

8. (1) Indien die Administrateur-generaal van oordeel is dat omstandighede die aanstelling van 'n plaasvervangende direkteur vereis, kan hy, met inagneming van die bepalings van artikel 9, so 'n direkteur aanstel om waar te neem in die plek van enige direkteur gedurende sy afwesigheid of sy onbekwaamheid om as direkteur op te tree.

(a) a corporation referred to in section 4(e) or (f) may with the approval of its shareholder or shareholders, transfer its assets, liabilities, rights and obligations in the territory or in respect of its affairs in the territory to the Corporation on such terms and conditions as may be agreed upon;

(b) a corporation which has so transferred any liability or obligation, shall be released from such liability or obligation even if the creditor concerned did not consent to the transfer, and such liability or obligation shall on its transfer to the Corporation become a liability or obligation of the Corporation in all respects as if the Corporation itself had incurred it;

(c) the Corporation shall apply any property so transferred to it, in accordance with the terms and conditions upon which it was transferred or, if the corporation which transferred it is in terms of any law liquidated or deprived of its powers in or in respect of the territory, in accordance with the provisions of such law.

*Guarantees by Administrator-General*

6. The Administrator-General may, for the purpose of enabling the Corporation to achieve its objects, guarantee for such period and on such conditions as he may determine, the payment of interest on and of the principal of any amount borrowed or raised or to be borrowed or raised by the Corporation and of the charges connected therewith.

*Board of directors*

7. (1) The affairs of the Corporation shall be managed and controlled by a board of directors, which may exercise the powers and perform the duties of the Corporation with due regard to the provisions of this Proclamation.

(2) The board shall consist of such number of directors, being not less than ten and not more than fifteen, as the Administrator-General may determine from time to time.

(3) The Administrator-General shall appoint the directors and shall designate a director as chairman of the board.

*Alternate directors*

8. (1) If the Administrator-General is of opinion that circumstances require the appointment of an alternate director, he may, with due regard to the provisions of section 9, appoint such a director to act in the place of any director during his absence or his incapacity to act as director.

(2) Wanneer 'n plaasvervangende direkteur in die plek van 'n direkteur waarneem, het hy die bevoegdhede en verrig hy die pligte van daardie direkteur.

(3) 'n Plaasvervangende direkteur word besoldig, soos deur die Administrateur-generaal bepaal, uit die besoldiging wat die direkteur toekom in wie se plek hy waarneem of wat so 'n direkteur sou toegekom het indien hy as direkteur opgetree het.

(4) Die bepalings van artikel 14 is *mutatis mutandis* op 'n plaasvervangende direkteur van toepassing.

*Sekere persone nie bevoeg om direkteure te word of te wees nie*

9. Geen lid van die Uitvoerende Komitee van die Wetgewende Vergadering van Suidwes-Afrika, die kabinet van 'n gebied wat deur of kragtens 'n wet tot selfregerende gebied verklaar is, die Uitvoerende Raad van die Damara-Verteenwoordigende Owerheid, die Uitvoerende Komitee van die Namaraad, die Gekose Kleurlingraad van Suidwes-Afrika of die Kapteinsraad ingestel deur artikel 2 van die Wet op Selfregering vir Rehoboth, 1976 (Wet 56 van 1976), is bevoeg om as 'n direkteur van die Korporasie aangestel te word of om 'n direkteur van die Korporasie te wees nie.

*Ampstermyn en -voorwaardes van direkteure*

10. (1) Die Administrateur-generaal bepaal die ampstermyn van 'n direkteur van die Korporasie en van die voorsitter van die raad.

(2) 'n Direkteur van die Korporasie beklee sy amp op die voorwaardes wat die Administrateur-generaal bepaal.

(3) Indien 'n direkteur anders as in sy hoedanigheid van direkteur van die Korporasie werk ten behoewe van die Korporasie verrig, of 'n amp in diens van die Korporasie beklee, kan aan hom, benewens sy besoldiging as direkteur, die besoldiging betaal word wat die raad bepaal.

*Besturende direkteur*

11. (1) Die Administrateur-generaal kan enige direkteur van die Korporasie aanstel as besturende direkteur van die Korporasie en kan so 'n besturende direkteur te eniger tyd van sy amp onthef.

(2) Die besturende direkteur het die bevoegdhede en verrig die pligte wat die raad aan hom toewys.

(3) Indien die besturende direkteur om enige rede nie in staat is om as sodanig gedurende enige tydperk op te tree nie, kan die raad met die instemming van die Administrateur-generaal een van sy ander lede aanstel om as besturende direkteur van die Korporasie gedurende sodanige tydperk waar te neem.

(2) When an alternate director acts in the place of any director he shall have the powers and perform the duties of that director.

(3) An alternate director shall be remunerated, as determined by the Administrator-General, out of the remuneration which is due to the director in whose place he acts or which would have become due to such director if he had acted as director.

(4) The provisions of section 14 shall *mutatis mutandis* apply to an alternate director.

*Certain persons not qualified to become or to be directors*

9. No member of the Executive Committee of the Legislative Assembly of South West Africa, the cabinet of an area declared by or under any law to be a self-governing area, the Executive Council of the Damara Representative Authority, the Executive Committee of the Nama Council, the Elected Coloured Council of South West Africa or the Kaptein's Council established by section 2 of the Rehoboth Self-Government Act, 1976 (Act 56 of 1976), shall be qualified for appointment as, or to be, a director of the Corporation.

*Tenure and conditions of office of directors*

10. (1) The Administrator-General shall determine the period of office of a director of the Corporation and of the chairman of the board.

(2) A director of the Corporation shall hold office on such conditions as the Administrator-General may determine.

(3) If any director performs any work on behalf of the Corporation otherwise than in his capacity as a director of the Corporation, or holds any office in the employ of the Corporation, he may be paid, in addition to his remuneration as a director, such remuneration as the board may determine.

*Managing director*

11. (1) The Administrator-General may appoint any director of the Corporation as managing director of the Corporation and may at any time remove such a managing director from his office.

(2) The managing director shall have such powers and perform such duties as the board may assign to him.

(3) If for any reason the managing director is unable to act as such during any period, the board may with the concurrence of the Administrator-General appoint another of its members to act as managing director of the Corporation during such period.

(4) Terwyl die lid wat aldus aangestel is, aldus waarneem, het hy al die bevoegdhede en verrig hy al die pligte van die besturende direkteur van die Korporasie.

*Ontruiming van amp deur direkteure*

12. (1) 'n Direkteur van die Korporasie ontruim sy amp —

(a) indien sy boedel gesekwestreer word of hy met sy skuldeisers 'n skikking aangaan;

(b) indien hy kragtens die een of ander wet as 'n geestesongestelde aangehou word;

(c) indien hy aan 'n misdryf skuldig bevind en tot gevangenisstraf sonder die keuse van 'n boete gevonnis word;

(d) indien hy, deur 'n bedankingsbrief deur hom onderteken en aan die Administrateur-generaal gerig en afgelewer, uit sy amp as direkteur bedank;

(e) indien hy ingevolge artikel 9 onbevoeg word om 'n direkteur te wees;

(f) indien hy ingevolge subartikel (2) van sy amp onthef word.

(2) 'n Direkteur van die Korporasie kan te eniger tyd deur die Administrateur-generaal van sy amp onthef word indien die Administrateur-generaal van oordeel is dat daar gegronde redes daarvoor bestaan.

(3) 'n Toevallige vakature in die raad wat deur die dood van of die ampsontruiming deur 'n direkteur ontstaan, word gevul vir die onverstreke gedeelte van die ampstermyn van die direkteur wat oorlede is of sy amp ontruim het, na gelang van die geval.

*Aanspreeklikheid van direkteure vir verlies of skade*

13. 'n Direkteur van die Korporasie is nie persoonlik aanspreeklik vir enige verlies of skade wat by of in verband met die verrigting van sy pligte voorkom nie, tensy die verlies of skade te wyte is aan sy opsetlike wangedrag, oneerlikheid, growwe nalatigheid of versuim om aan 'n bepaling van hierdie Proklamasie te voldoen.

*Plig van direkteur om belang in sekere kontrakte te openbaar*

14. (1) 'n Direkteur wat op enige wyse, hetsy regstreeks of onregstreeks, 'n wesenlike belang het by 'n kontrak wat deur die Korporasie aangegaan is of aangegaan staan te word, of wat 'n wesenlike belang by so 'n kontrak bekom nadat dit aangegaan is, openbaar sy belang en volle besonderhede daarvan op die vergadering van die raad waarop die aangaan van die kontrak in oorweging geneem word of die eerste

(4) The member so appointed shall, while so acting, have all the powers and perform all the duties of the managing director of the Corporation.

*Vacation of office by directors*

12. (1) A director of the Corporation shall vacate his office —

(a) if his estate is sequestrated or he enters into a compromise with his creditors;

(b) if he is under any law detained as a mentally ill person;

(c) if he is convicted of any offence and sentenced to imprisonment without the option of a fine;

(d) if he, by writing under his hand addressed and delivered to the Administrator-General, resigns from his office as director;

(e) if he becomes disqualified in terms of section 9 from being a director;

(f) if he is removed from office in terms of subsection (2).

(2) A director of the Corporation may at any time be removed from his office by the Administrator-General if the Administrator-General is of the opinion that good reasons therefor exist.

(3) Any casual vacancy on the board caused by the death of or the vacation of office by a director, shall be filled for the unexpired portion of the period of office of the director who has died or has vacated his office, as the case may be.

*Liability of directors for loss or damage*

13. A director of the Corporation shall not be personally liable for any loss or damage which may occur in or in connection with the performance of his duties, unless the loss or damage is due to his wilful misconduct, dishonesty, gross negligence or failure to comply with any provision of this Proclamation.

*Duty of director to disclose interest in certain contracts*

14. (1) A director who is in any way, whether directly or indirectly, materially interested in a contract which has been or is to be entered into by the Corporation, or who becomes materially interested in any such contract after it has been entered into, shall declare his interest and full particulars thereof at the meeting of the board at which the entering into of the contract is considered or at the first meeting of the board held

vergadering van die raad daarna gehou waarop dit vir hom moontlik is om dit te doen, en indien sodanige kontrak deur die raad tydens 'n vergadering daarvan bespreek word, onttrek sodanige direkteur hom van daardie vergadering tydens die bespreking en neem hy nie deel aan enige stemming in verband daarmee nie.

(2) 'n Verklaring waarby 'n direkteur 'n belang openbaar soos in subartikel (1) beoog, moet aangeteken word in die notule van die vergadering van die raad waarop die verklaring gedoen word.

*Vergaderings van raad*

15. (1) Die eerste vergadering van die raad word gehou op die tyd en plek wat die Administrateur-generaal bepaal en 'n vergadering van die raad daarna word gehou op 'n tyd en plek wat die raad bepaal: Met dien verstande dat 'n spesiale vergadering op skriftelike versoek van minstens drie direkteure deur die voorsitter belê moet word.

(2) Die voorsitter van die raad sit voor op die vergaderings daarvan, en indien die voorsitter van 'n vergadering afwesig is of om 'n ander rede nie in staat is om op 'n vergadering voor te sit nie, kies die aanwesige direkteure een uit hul geledere om op daardie vergadering as voorsitter waar te neem, en terwyl hy aldus waarneem, het so 'n waarnemende voorsitter al die bevoegdhede en pligte van die voorsitter van die raad.

